Predikante Pensioenfonds
Amptenare Pensioenfonds

PENSIOENE OMSENDSKRYWE 3 VAN 2023

Aan: Alle deelnemende werkgewers van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds

FINANSIËLE GEDRAGSOWERHEID: GEDRAGSSTANDAARD 1 VAN 2022 *(FINANCIAL CONDUCT AUTHORITY CONDUCT STANDARD 1 OF 2022)*

In my epos van Maandag 6 Februarie 2023 het ek aan u meegedeel die vereistes van die gedragsowerheid oor Artikel 13A van die Pensioenfondswet.

Hierdie omsendskrywe som kortliks daardie epos kommunikasie op.

Artikel 13A van die wet het nog altyd bepaal dat bydraes tot 'n Fonds teen nie later nie as die sewende van die maand wat volg op die maand waarin die bydraes betaalbaar is, inbetaal moet wees.

Skribas, saakgelastigdes en finansiële beamptes wat pensioenfondsbydraes via die web oorbetaal, verstaan dit goed aangesien oorbetalings ná hierdie datum, laat rente betalings tot gevolg gehad het.

Op die web is daar reeds plek waar werkgewers addisionele inligting tov hul werknemers kan laai, naamlik:

- Inkomstebelasting nommer
- Woon adres
- Fisiese adres
- Kontakbesonderhede
- E pos adres

Soos in my epos genoem, moet werkgewers toesien dat hierdie inligting volledig op die web gelaai word. As u op die web ingaan, sal u merk dat daar 'n nota is wat aandui wat u *compliance status percentage* is. In die meeste gevalle sal u 'n 0% persentasie sien.

Wat wel 'n nuwe vereiste is vanaf die *FSCA*, is dat werkgewers nou ook die volgende addisionele inligting moet voorsien:

- Adres van die werkgewer
- Fonds se registrasienommer
- Die deelnemende werkgewer nommer (*PE number*). (Dit is die 170 ... nommer)

Sussexlaan 439, Lynnwood, 0081
Posbus 36430, Menlopark, 0102
E-pos: theo@pensioene.co.za
Tel: 012 342 0415
Pensioenfondsbestuurder: Mnr TP Smith

- Die kontakpersoon by elke gemeente en instansie wat verantwoordelik is vir die oorbetaling van die bydraes

U sal merk dat in die meeste gevalle die persoon wat verantwoordelik is vir *contact information*, ek is. Dit kan natuurlik nie reg wees nie aangesien ek nie die bydraes oorbetaal nie en geensins beheer oor u gemeente se finansies het nie. Daarom versoek ek dat u so gou as moontlik hierdie velde opdateer. Gelukkig het u ses maande tyd om dit te doen en u sal elke keer van u persentasie nakoming (*compliance*) op die web herinner word.

Wat is die implikasie indien u nie hierdie nuwe vereistes nakom nie?

Die gedragsstandaard vanaf die *FSCA* is 'n voorskriftelike een wat vereis dat alle werkgewers die bepalings moet nakom. Die trustees van die Sanlam Sambreelfonds is verplig om werkgewers aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) te rapporteer indien hulle nie binne 90 aaneenlopende dae Artikels 13A(2) of 13A(3)(a) nakom nie.

Hierdie omsendskrywe word gestuur in opdrag van die Bestuurskomitee van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds omdat hulle graag die erns van die saak wil beklemtoon. Dit kan nie gebeur dat een gemeente of instansie aan die SAPD gerapporteer word met die moontlikheid van reputasie-skade vir die Kerk nie, byvoorbeeld.

Daarom maak ons staat op u almal om so gou moontlik die nodige en korrekte inligting op die web te verskaf – beginnende April – sodat ons volledig nakomend (*compliant*) kan wees.

Ek vertrou u het 'n geseënde Paasfees ervaar. Alles van die beste!

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENFONDSBESTUURDER